# Hoërskool Tuine

STANDVASTIG

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

**NO 2 VAN 2026** **11 Februarie 2026**

**Geagte Ouers en voogde**

Die kwartaal is reeds met volle vaart aan die gang. Ons wil ons opregte dank uitspreek aan al die ouers se insette en betrokkenheid. Baie dankie vir die ouers wat die inligtingsaande, die Vrystellingsvergadering asook die prysuitdeling bygewoon het. U betrokkenheid maak 'n tasbare verskil in u kind se skoolloopbaan.

## Baie geluk

Hartlike gelukwense aan die volgende leerders wat tydens ons jaarlikse Merietefunksie die Top Toekennings ontvang het. Ons is trots op jul toewyding, dissipline en uitstekende prestasies. Ons wens julle, jul ouers en asook al die ander leerders wat erkenning ontvang het, opreg geluk met jul puik prestasies.

| | |
|---|---|
| *Skaakspeler van die jaar:* | William Joubert |
| *Landloopatleet van die jaar:* | Abigail Webb |
| *Atleet van die jaar:* | Enrique Bruyns |
| *Sagtebalspeler van die jaar:* | Tishaan Modley |
| *Junior Sportdogter van die jaar:* | Cherese Nel |
| *Junior Sportseun van die jaar:* | Enrique Bruyns |

***Baie dankie aan Mev. Mahoney wat aan die stuur gestaan het van hierdie uitstekende aand.***

## Assesseringsplan




Die komende toetsrooster is aangeheg. Ouers en leerders word versoek om deeglik kennis te neem van al die datums en betyds voor te berei. Leerders sal die nodige afbakening ontvang om effektiewe voorbereiding vir die toetsreeks te verseker.
Die toetsreeks begin op Maandag, 2 Maart 2026. Hierdie kwartaal volg die toetsreeks 'n aangepaste formaat: daar sal daagliks, vanaf 2 tot 17 Maart, 'n toets geskryf word soos aangedui op die rooster.

**Neem asseblief kennis van die volgende:**

- Indien 'n leerder 'n vraestel misloop, kan dit sy/haar promosie aan die einde van die jaar nadelig beïnvloed.
- Slegs 'n geldige doktersbrief/mediese sertifikaat sal 'n leerder in staat stel om 'n vraestel op 'n latere datum af te lê.
- Ons versoek u samewerking om te verseker dat u kind skool bywoon en alle vraestelle voltooi.

Ons ervaar tans 'n **kommerwekkende tendens** waar leerders nie hul huiswerk voltooi nie. Huiswerk vorm 'n integrale deel van onderrig, inoefening en assessering. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om ons te ondersteun deur toe te sien dat hul kinders:

- pligsgetrou huiswerk voltooi;
- betyds voorberei vir toetse; en
- nie uitgeteken word ná 'n toets om vir die volgende toets voor te berei nie.

Voorbereiding moet vooraf geskied. Die akademiese program word onmiddellik ná 'n toets voortgesit en sluit verdere assesserings in.

## Terreinverlating / Laatkom

Ouers word vriendelik, maar dringend versoek om mediese of ander afsprake in die middae ná skool te reël. Kosbare onderrigtyd gaan verlore wanneer leerders gedurende die skooldag uitgeteken word.

Belangrike prosedures:

- 'n Leerder mag slegs die terrein verlaat indien die ouer self die leerder by die algemene kantoor kom afhaal.
- Leerders sal slegs aan die einde van 'n periode uitgeroep word.
- Die uittekenprosedure is volledig in die skooldagboek uiteengesit.
- Leerders moet by hul Graadhoof uitteken. Geen leerder sal sonder die Graadhoof se handtekening uitgeteken word nie.

Let asseblief daarop dat ***Vrydae normale skooldae*** is. Geen toestemming sal verleen word vir vroeë vertrek vir vakansies of naweekwegbreke nie.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om ander afwesighede tot die minimum te beperk. Gereelde afwesigheid benadeel akademiese vordering en lei tot onnodige agterstande. Indien u kind afwesig is, moet 'n e-pos gestuur word na: afwesighede@hstuine.co.za. Langdurige en onnodige afwesigheid kan tot deregistrasie lei.

Daar is tans 'n ernstige probleem met leerders wat laatkom. Die klok lui soggens om 07:20. Leerders moet reeds teen daardie tyd op die terrein wees en aantree vir opening in die vierkant. Ons versoek u samewerking om te verseker dat u kind betyds by die skool is.

## Skoolgelde

***Ons spreek ons dank uit teenoor die ouers wat reeds hul skoolgeldverpligtinge nagekom het***. U ondersteuning stel die skool in staat om voort te gaan met gehalte-onderrig en ontwikkeling. Ouers wat nog nie hul verpligtinge nagekom het nie, word versoek om hul rekeninge so spoedig moontlik te vereffen of reëlings met mev. Mentz te tref.



**Alle Vrystellingsvorms moet volledig voltooi en teen 28 Februarie ingehandig word**. Indien u nog nie 'n vorm afgehaal het nie, kan dit by die Finansiële kantoor verkry word. 'n Bedrag van R100 is betaalbaar vir die leefstyloudit.

## Dagboeke

Baie dankie aan die ouers wat reeds die skooldagboek aangekoop het. Leerders wat nog nie 'n dagboek ontvang het nie, sal dit ontvang, en die koste van R50 sal by die skoolfonds gevoeg word.
Die dagboek is verpligtend. Dit bevat nie net skoolreëls en ondernemings wat onderteken moet word nie, maar dien ook as amptelike dokument vir die verlaat van 'n klas of die skoolterrein.

# Atletiek

Baie dankie vir u ondersteuning tydens die afgelope twee Vrydae se tuisbyeenkomste. Ons atlete neem vandag deel aan die distrikskampioenskappe. Uitslae sal aan u deurgegee word sodra dit beskikbaar is.

Ons berei tans ook intensief voor vir die Interhoër wat op 24 Februarie plaasvind. Verdere inligting sal binnekort aan u gekommunikeer word. Dit is ‘n nie-amptelike skooldag. Daar sal wel personeel by die skool wees, maar geen onderrig sal plaasvind nie.

# Hengelkompetisie



Baie sterkte aan die groep leerders wat aan die skool se eerste hengelkompetisie op DV Sondag gaan deelneem. Die kompetisie vind plaas by Steynsoord. Ons wens julle stywe lyne toe.

# Vrydag, 13 Februarie

Die skool sal Vrydag om 12:00 verdaag sodat atlete en personeel betyds kan vertrek na die atletiek-byeenkoms wat by Hoërskool Erasmus plaasvind.

Ons waardeer u volgehoue ondersteuning en samewerking. Saam bou ons aan ’n skoolkultuur van dissipline, uitnemendheid en verantwoordelikheid.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

# Hoërskool Tuine

STANDVASTIG

## Kwartaal 1 – Toetsrooster

| Maandag, 2 Maart | Dinsdag, 3 Maart | Woensdag, 4 Maart | Donderdag, 5 Maart |
|---|---|---|---|
| Gr 8: Afrikaans<br>Gr 9: Afrikaans<br>Gr 10: Afrikaans<br>Gr 11: Afrikaans<br>Gr 12: Afrikaans | Gr 8: English<br>Gr 9: English<br>Gr 10: English<br>Gr 11: English<br>Gr 12: English | Gr 8: Wiskunde<br>Gr 9: Wiskunde<br>Gr 10: Wiskunde/ WG<br>Gr 11: Wiskunde / WG<br>Gr 12: Wiskunde/ WG | Gr 8: Sosiale Wetenskap<br>Gr 9:EBW<br>Gr 10: RTT<br>Gr 11: Toerisme<br>Gr 12: Toerisme |
| **Vrydag, 6 Maart** | **Maandag, 9 Maart** | **Dinsdag, 10 Maart** | **Woensdag, 11 Maart** |
| Gr 8: Skeppende Kuns<br>Gr 9: SW<br>Gr 10: Toerisme<br>Gr 11: Rek/ Geo/ Gesk<br>Gr 12: RTT | Gr 8: EBW<br>Gr 9: Skeppende Kuns<br>Gr 10: IGO/ Gesk<br>Gr 11: FW/GV/ VS<br>Gr 12: LW | Gr 8: Tegnologie<br>Gr 9: Tegnologie<br>Gr 10: Rek/ Geo<br>Gr 11: LW/ Landbou<br>Gr 12: FW/ GV/ VS | Gr 8: NW<br>Gr 9: NW<br>Gr 10: Landbou Tegnologie<br>Gr 11: RTT<br>Gr 12: Geo/ Gesk |
| **Donderdag, 12 Maart** | **Vrydag, 13 Maart** | **Maandag, 16 Maart** | **Dinsdag, 17 Maart** |
| Gr 8: Wiskunde 2<br>Gr 9: Wiskunde 2<br>Gr 10: LW<br>Gr 11: BS/ VK<br>Gr 12: BS | Gr 8: Afrikaans 2<br>Gr 9: Afrikaans 2<br>Gr 10: BS<br>Gr 11: IGO<br>Gr 12: IGO | Gr 8: English 2<br>Gr 9: English 2<br>Gr 10: VK<br>Gr 11: -<br>Gr 12: Landbou Tegnologie/ VK | Gr 8: EBW 2<br>Gr 9: EBW 2<br>Gr 10:  FW/ GV/ VS<br>Gr 11: -<br>Gr 12: Rek |